# KERK by 'n KRUISPAD Week 5

## Inleiding

Watter vrae het julle oor lyding, siekte dood? (*Maak net 'n lysie en moenie probeer om antwoorde te gee nie...)*

Wat veroorsaak al hierdie vrae wat ons het?

## Skriflesing:

Lees Openbaring 4 en 5. Dit is 'n gedeelte vol simbole en beelde (*sien verwysings hieronder)*, maar die uitdaging is om die groter prentjie te probeer raaksien van wat hier afspeel.

Vertel vir mekaar wat in die groter prentjie - wat hier in die hemelse troonsaal afspeel - het jou die meeste getref.

Wat dink jy beteken die gedagte dat **die deur na die hemel oop** is veral ook in die lig van die uitdaging van 3:20?

Die **fokus** van hierdie 2 hoofstukke is op **worship/lof en aabidding**. Daar is 5 liedere wat hier neergeskryf is. Lees elkeen weer en wat tref jou in elke gebed/lied?

- **4:8**
- **4:11**
- **5:9-10**
- **5:12**
- **5:13**

Hier word 5 belangrike sake genoem oor die waarde van worship vir elke gelowige.

1. **Worship help ons om te fokus**
    - Wat is die heel eerste saak wat Johannes raaksien in 4:2?
    - Waarvan is 'n troon 'n simbool? En wat beteken dit vir ons as ons verklaar dat God op die troon sit?
    - Hoe kan worship ons help om te fokus op God wat koning wil wees in ons lewens?

2. **Worship bring mense bymekaar**
    - Watter waarde het dit vir jou om saam met ander te worship?

    - Watter 3 groepe is om die troon en wat verteenwoordig hulle? (Kyk na 4:4, 4:6, 5:11 en na verklarings hieronder)

    **NB om te ontdek:** Ek is nie alleen nie!!!

3. **Worship wil openbaar**
    - In hoofstuk 5 lees ons dat God 'n boekrol in sy hand het wat verseël is. Dit is volgeskryf aan beide kante, maar niemand kan by hierdie kosbare inligting uitkom nie. Ons sukkel om te verstaan, ons kennis is beperk – oor God, oor onsself, oor die wêreld en veral oor lewensvrae soos siekte en dood.

    - Net een kan hierdie boekrol oopmaak en dit is Jesus. Maw sonder Jesus het ons nie 'n kans om ooit te verstaan nie, sal ons nooit antwoorde hê nie.

    - Hoe kan worship ons help om Jesus nuut raak te sien en ons fokus op Hom te hou - Hom eerste te plaas in ons lewens?

4. **Worship beteken om te sing**
    - 5 maal word hier gesing. Waarom is ons skaam en soms teruggetrokke om uit volle bors te sing en hoe kan ons dit verander?

5. **Worship bevestig God se trou**
    - Die laaste woord wat in die hemelse troonkamer uitgespreek word is **"Amen" 5:14**. Die woord is 'n bevestiging van alles wat gesê is en kan letterlik iets beteken soos "*laat dit gebeur, dit sal gebeur, God gee sy woord..."*

    - Hoe kan worship ons help hiermee?

## Voorbidding

**Bid vir 3 sake**

1. **Dit sal great wees as julle kan saam worship – as julle nie goeie singers het nie, speel 'n bekende worshiplied** en gee genoeg tyd daarna vir elkeen om die Here te loof en te prys.

2. **Angela se dood** maak weer dat ons met moeilike vrae rondloop. Bid tot Jesus en vra Hom om om vir ons te help om te verstaan.

3. **Bid vir** Corne en Angela en familie, Vanessa Crots (rug-operasie in Mei), verhoudings wat nie reg is nie.

## Verklarings van beelde en simbole

- Verwysing na **edelgesteentes** in 4:3 verwys na koninklikheid
- **Reënboog** in 4:3 – God se belofte van Gen 9:12-17 dat God sal bly sorg en beskerm
- **24 ouderlinge** (4:4) = 12 stamme van Israel (wat volk van God in OT verteenwoordig) + 12 apostels (wat NT kerk verteenwoordig = die voledige kerk, of alle gelowiges – wat ook heers, verwysing na trone en krone
- **Weerligstrale, dreunings en donderweer** – in OT as God 'n belangrike aankondiging wil maak, gaan dit gewoonlik gepaard met hierdie elemente – kyk na Exodus 19:16-17
- **7 fakkels** (4:5)– verteenwoordig die Gees van God, kyk na Hand 2:3 – 7 is altyd een van die getalle van volledigheid aandui
- **See** (4:6) – in OT het die see 'n geweldige bedreiging vir mense ingehou (bv Jona-verhaal) en is dit geassosieer met boosheid. Hier is boosheid voor God se troon, maar die see is spieëlglad – boosheid hoef dus geen bedreiging meer in te hou nie
- **4 lewende wesens** 4:6 - verteenwoordig alles wat geskep is en elke fasset van die skepping – leeu (wilde diere), bul (mak diere), mens, arend (voëls)= die hele skepping
- **Vol oë –** teken van kennis, insig, hulle weet, niks bly verborge nie, sien alles
- **Boekrol** (5:1) – verteenwoordig wysheid, kennis, insig, maar ook die woord van God
- **Verseël met 7 seëls** (5:1) – bly verborge, word bewaar, hierdie inligting is nie cheap nie, dit is kosbaar, van geweldige groot waarde, die Koning sit sy seël daarop, waarborg die gesag daarvan
- **Sterk engel (5:2)** – wil aandui dat die sterkste engel nie eers weet nie
- **Leeu uit die stam van Juda** (5:5) – verwysing na Jesus, Juda oudste seun van Jakob/Israel – een met meeste gesag
- **Lam** (5:6) – verwys ook na Jesus – Jes 53:7, Jer 11:19 – verwys spesifiek na Jesus se kruisdood
- **7 horings** (5:6) – teken van heerskappy – 7 getal wat volledigheid aandui
- **7 oë** (5:6) – verteenwoordig hier die Gees van God, sien en weet alles
- **Goue bak vol wierook** (5:8) – gebede van gelowiges, maak 'n aangename geur, maak die omgewing beter, God soek ons gebede, dit is vir Hom aanneembaar, ons gebede maak 'n verskil in die hemel
- **Koninkryk en priesters** (5:10) – ons word aangestel om te heers (konings) en om te dien (werk van priesters)